CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



*Julie 2021 No.103*

# Voordele van kwaliteit saad

Chris Cumming, PNS-Konsultant en Piet Lombard, Dept. Landbou Wes-Kaap

Erkenning aan die Canola saadverskaffers vir insette gelewer.

***"Gehalte saad is gelyk aan gemoedsrus"***

Die belangrikste voordele wat nuwe, goeie kwaliteit saad vir die produsent verskaf, sluit die volgende in

1. - Dit verseker genetiese en fisiese suiwerheid van die gewas. "Aftipes" in 'n land veroorsaak onegalige groei en ontwikkeling, wat bestuursbesluite t.o.v. tydigheid van belangrike aksies, bv. bobemesting, spuit van onkruide en siektes en platsny, bemoeilik.
2. - Verskaf die verlangde plantpopulasie. Die hoeksteen van enige canolaproduksie word gelê in die versekering van 'n egalige en eweredige stand. Saad van uniforme grootte en kwaliteit, veral teen die laer plantdigthede wat met bastersaad benut word, maak dit meer haalbaar.
3. - Het die vermoë om ongunstige toestande beter te oorkom. Kwaliteit saad gee aanleiding tot sterk saailinge wat vinniger 'n sterk wortelstelsel ontwikkel. Sou ongunstige toestande net na ontkieming voorkom, is die kanse van oorlewing en herstel van die saailing soveel beter.
4. - Saailinge sal meer groeikragtig wees, vinniger groei en peste en siektes in 'n mate weerstaan. Gesonde saailinge van kwaliteit saad sal saailingsiektes beter weerstaan as plante wat nie optimaal groei nie. Sommige belangrike canolasiektes kan op saad oorgedra word, wat nie die geval sal wees met kwaliteit saad nie. Stadig ontkiemende saailinge is baie meer vatbaar vir wortelsiektes. Kleiner of swakker plante is meer vatbaar vir siektes as gesonde saailinge.
5. - Verseker uniforme groei, ontwikkeling en rypwording. Soos voorheen genoem, is die voordeel van 'n uniforme gewas op die land uiters belangrik.
6. - Ontwikkel 'n wortelstelsel wat vog en voedingstowwe beter sal benut wat tot 'n hoër opbrengs sal lei.
7. - Goeie kwaliteit saad van verbeterde kultivars sal oesverhogings van 10% en selfs beter tot gevolg hê. 'n Opbrengsverhoging van so min as 5% sal die verskil in saadkostes tussen kwaliteit bastersaad en terughousaad betaal.

Jou hele oes berus op die vestiging van gesonde, groeikragtige saailinge wat eweredig en egalig oor die land versprei staan. Dit dra by tot onkruidbeheer. Canola is die een gewas wat later ontkiemende onkruide doeltreffend kan onderdruk weens die oorskadu-effek wat bestuursbesluite vergemaklik.

Saadkwaliteit word onder 4 eienskappe verdeel.

a) Fisiese kwaliteit:

Dit verwys na die "skoonheid of suiwerheid" van saad; dus sonder ander sade, siektebesmette- of insekbeskadigde saad. Die saad met fisiese kwaliteit behoort van uniforme grootte, massa en kleur te wees en geensins enige gekraakte, verrimpelde, leë of beskadigde sade te bevat nie. Hierdie kwaliteiteienskap word behaal deur saadbesendings ordentlik skoon te maak en te gradeer (verwerk) na oes en voor saai of opberging.

b) Genetiese kwaliteit:

Dit is die genetiese suiwerheid van saad, m.a.w. die saailing of plant afkomstig van die saad moet almal dieselfde kwaliteiteienskappe hê wat oorgedra word van twee genetiese ouers. Hierdie kwaliteiteienskap is belangrik om die verlangde opbrengspotensiaal, siekteweerstand of verlangde saadkwaliteit te verkry.

c) Fisiologiese kwaliteit:

Fisiologiese kwaliteit van saad bestaan uit saadontkieming en saadgroeikragtigheid. Dit word beskryf as saad se lewensvatbaarheid. Saadgroeikragtigheid is die energie of uithouvermoë van saad om 'n sterk saailing tot gevolg te hê.

d) Saadgesondheid:

Saadgesondheid is die afwesigheid van insekbesmetting of swaminfeksie in of op die saad. Beide insekte en swamsiektes sal die fisiologiese kwaliteit van die saad, asook die fisiese kwaliteit van die saad tydens opberging benadeel. Die gesondheidstatus van saad word uitgedruk as lae, medium en hoë groeikragtigheid afhangend van ontkiemingspersentasie en uniformiteit van opkoms.



Figuur 1: Plaas geproduseerde lupiensaad met Sclerotinia sklerotiums tussen saad.